

# Die stand van sake met die Bruin Sprinkaanuitbraak

Dr Gerhard H Verdoorn

Rentmeesterskap en Operasionele Bestuurder, CropLife Suid-Afrika

**N**ovember 2019 was 'n keerpunt in Suid-Afrikaanse weersomstandighede toe reën alreeds oor baie groot dele van die land se somerreënvalgebiede uitgesak het en steeds voortgeduur het. Die Karoo wat deur die ergste droogte in meer as 100 jaar amper vernietig was, het ook die seëning van die milde reëns ontvang. Saam met al die blydskap was daar egter ook die vermoede dat die sluimerende bruin sprinkane van die Nama-Karoo bioom hulleself sou gereedmaak vir 'n redelike stewige uitbraak. Alles was in plek: nat grond, lekker warm lugtemperatuur en voortdurende reën. Die voorbodes van sprinkaanuitbraake is soos grafure in ysterklip: vogtige grond, gemiddelde dag- en nagtemperatuur van nie minder as 16 grade Celsius nie en humiditeit wat raak aan 30%. Dit is die goue reëls vir die bruin sprinkaan se eierpakkies om uit te broei. Die eierpakkies kan vir jare dormant in die grond lê en wag vir die regte klimaatsomstandighede en dan uitbroei om die wêreld met swerms van biljoene insekte te besaai.

Net voor die Covid-19 pandemie wêreldwyd geïdentifiseer is, het die eerste oproep uit die Karoo CropLife SA bereik: dit was die 3e Februarie 2020. Ons het onmiddellik opgevolg met noodwaarskuwings want CropLife SA het reeds in November 2019 voorspel dat daar 'n stewige uitbraak gaan wees. Dit het nie lank geduur voordat klein swerms van oral uit die oostelike dele van die Noord-Kaap se Karoo aangemeld is nie. Daar was selfs enkele berigte uit die Kalahari rondom Upington en selfs verder Noord, maar dit was

nie asof swerms die aarde oorgeneem het nie. Sprinkaan uitbrekings begin gewoonlik die eerste jaar met klein swerms wat meestal deur die beheeraksies uitgewis word.

## Die tempo neem toe

Die na-winter van 2020 het skokkende nuus gehad: sprinkane het reeds vroeg in Augustus begin uitbroei en dit het niks goeds vir die somer van 2020/2021 voorspel nie. Boere en die Departement van Landbou is effens onkant gevang met die vroeër as verwagte uitbraak, maar steeds was dit nie of die swerms die hele Karoo oorgeneem het nie. Daar is wel groot swerms veral vanaf die N1 ooswaarts van Colesberg aangeteken en plekke soos Graaff-Reinette het redelik baie sprinkane gehad. Oor die Kerstyd van 2020 het die swerms begin vlieg en weereens was die reën 'n katalisator vir nuwe eiers wat gelê is en orals uitgebroei het. Bruin sprinkane is sover as Askam in die Kalahari aangeteken en die aanduidings was sterk dat hulle uit Namibië en die suide van Botswana oorgespoel het. Rondom Maart en April was streke soos Beaufort-Wes, Aberbeen, Graaff-Reinette en Jansenville oortrek met sprinkaanswerms maar die goeie plantaanwas in die Karoo het die druk van die miljarde bekke goed hanteer. Die groot skok het in Mei 2021 gekom toe boere by Bultfontein 'n magtige swerm ontdek het. Die geskatte oppervlakte wat deur die swerm gedek was, was meer as 20,000 hektaar. Die swerm het sterk ooste toe beweeg en het by Bothaville homself in die landbougemeenskap en die Departement Landbou vasgeloop wat in twee dae se tyd die swerm so te sê uitgewis het; dit was 'n noodsaaklike aksie om te voorkom dat

die diërasies eiers lê wat die somer se mielie-aanplantings kon bedreig. Wat my gepla het was die sprinkane wat ek die 16e Junie 2021 in die middel van die winter in Graaff-Reinette waargeneem het. Dit was 'n teken dat die groot verdriet oppad was, maar dit het stil geraak tot in Oktober 2021 toe die sprinkane ontplof het. Die Kenhardt-Van Wyksvlei area waar sprinkane tradisioneel uitbroei, het reën gekry en ongekende reën het oor die grootste deel van die Karoo en Kalahari geval. Alle toestande was ideaal vir 'n massiewe sprinakaanuitbraak en die eerste gevaartekens was aanmeldings in Cookhouse en Cradock wat selde of ooit sprinkane beleef. Daar was selfs klein swerms naby Kirkwood in die Oos-Kaap aangeteken.

### **Die groot golf sprinkane**

Foto's en video's van sprincaanswerms orals oor die Karoo en Kalahari het die selfoonnetwerke in Desember warm gehad met mense wat paniekerig rondgeskarrel het vir inligting oor die beheer van die plaag. 'n Reuse swerm sover as die oog kon sien was rondom Colesberg deur verskeie reisigers en inwoners aangemeld. Dit was onmoontlik om die swerm se werklike grootte te skat maar dit moes duisende hektare gewees het. De Aar se inwoners het ook deurgeloop terwyl Upington op die Gariep deur 'n golf vlieënde

sprinkane ingeval is. Verder noord na Askam en Vanzylsrus het die sprinkane ook in massas opgedaag, gevreet en eiers gelê. Gelukkig was die sprincaanbeheerspanne op volle sterkte en het die swerms goed geknou. Dit was seker een die grootste uitbrake in dertig jaar. Dit raak nou weer rustiger maar die volgende vlag is waarskynlik alreeds aan die uitbroei en swerms kan tot so laat as einde Mei van 2022 nog voorkom.

### **Skade veroorsaak of nie?**

Daar is kolle veld net suid van Graaff-Reinette waar ek kon sien hoe die sprinkane die veld omtrent 20% geknou het maar die nat veldtoestande sal daardie plante vinnig laat herstel. Sover ons kennis strek, was daar tot en met einde Januarie 2022 geen gewasskade aangemeld nie, alhoewel sprinkane bitter naby aan die somergraangebiede uitgekrom het. Die veldskade is onbeduidend die sprinkane se mis, plus die wat in die slag gebly het tydens beheeraksies, voed weer die veld met bemestingstowwe. Suid-Afrika kan dankbaar wees vir die uitsonderlike goeie reën want dit het die veld gered.

### **Beheeraksies**

Die staat, by name Departement Landbou, het 'n mandaat om die bruin sprincaan en die rooibekvink te beheer. Dit beteken



dat die staat alles in sy vermoë moet doen om te keer dat sprinkaanuitbrake nie katastrofies raak nie. Daar is 'n netwerk van distriksprinkaanbeampes met spuitspanne wat met die korrekte newelblasers toegerus is en van die twee geregistreerde piretroïedinsekdoders voorsien word. Die mandaat om sprinkane aan te meld, lê by grondeienaars maar CropLife SA het die publiek ook gekataliseer om sprinkane aan te meld sodat die plaag se omvang en ontwikkeling so noukeurig as moontlik aangeteken word. Wanneer grondeienaars of lede van die publiek sprinkane aanmeld, word die kennisgewing dadelik na die kantore op De Aar en Upington gestuur waar die sprinkaanbeampes dan die distrikte aktiveer om die nodige aksie te neem. Wat nogal bemoedigend is, is dat baie grondeienaars die nuwe uitbroeisels met wildtroppe en veetroppe laat vertrap, wat seker die mees omgewingsversoenbare metode van beheer is. Ander grondeienaars het hul eie spuittoerusting aangekoop en gebruik dan die insekdoders wat deur die staat voorsien word.

Die afgelope drie maande was daar ook 'n groot bydrae van Moeder Natuur om die sprinkane te demp. Derduisende klein swartooievaars en witoeievaars is oral waar sprinkane was opgemerk en mens kan net indink hoeveel tonne sprinkane deur 'n swerm van etlike duisende ooievaars opgevrete word. Gelukkig is die piretroïede se giftigheid vir voëls baie laag en daar word nie eers 15 gram van die aktiewe bestanddeel per hektaar gebruik nie. Die risiko vir voëls en ander werweldiere is baie laag.

Die Departement Landbou en die boere het ook besef dat die beste beheer verkry word as die sprinkane vroegoggend, laatmiddag of snags bespuit word waar hulle in digte kolle op die grond en plantegroei rus. Dit beteken dat die insekdoders teikengerig aangewend word en baie effektief is.

### Die vooruitsigte

Dis haas ondenkbaar dat die sprinkane bloot in die volgende paar maande gaan verdwyn. Die kans dat die plaag tot in 2023 gaan voortduur is baie goed omdat die Karoo se klimaat gunstig vir opvolg generasies

is. Almal het 'n verantwoordelikheid om sprinkane aan te meld en die maklikste is om 'n boodskap per WhatsApp na CropLife SA se inligtingsnommer te stuur by 082 446 8946 vanwaar die inligting direk na die Department Landbou gestuur sal word. 'n Woord van waarskuwing van CropLife SA se kant aan grondeienaars is om nie los te trek met eie tuismengsels van gewone piretroïede en diesel nie, want dit is soos 'n kernbom in die ariede ekosisteem. Diesel is nie alleen giftig vir plante en dierlewe nie maar verdamp ook baie stadig wat die effek daarvan op die omgewing vir jare laat voortduur. Wees verantwoordelik en volg die reëls: maak slegs gebruik van die middels wat deur die staat voorsien word want dit is spesiaal geformuleer om sprinkane met so min as moontlik daarvan uit te wis. Meld ook enige uitbrake by CropLife SA sodat die sprinkane reeds in die voetgangerstadium beheer kan word en nie in vlieërswerms ontwikkel nie. Die kontakbesonderhede vir die De Aar Sprinkaankantoor van die Department Landbou is 053 631 3621 en Upington is 083 326 7773. ■

**STAALBOER**

**TENKSTANDERS**

- GESKIK VIR SKL OF 10KL TENKS
- HOOGTES VAN 1.5M TOT 12.0M
- STRUKTURELE INGENIEURSERTIFIKAAT

**STAALPANEEL-RESERVOIRS**

- VOLUMES VANAF 15KL TOT 4000KL
- HOOGTES VANAF 1.3M TOT 6.1M

**10 JAAR WAARBORG**

Met 'n 10-jaar waarborg beoog Staalboer om vir u gemoedsrus te verskaf teen enige foutiewe materiaal en/of swak vakmanskap

**STAALKOEPSEL-DAK OF SKADUNET-DAK BESKIKBAAR OP ALLE RESERVOIRS**

- BETER BESTAND TEEN WIND SKADE
- KOSTE-EFFEKTIEF
- LEWENSVERWAGTING VAN MEER AS 25 JAAR

**WWW.STAALBOER.CO.ZA** - Besoek ons webtuiste vandag!

ONS KUNDIGE SPANNE IS BESKIKBAAR VIR OPRIGTING LANOWYD EN OORGRENS

+27 (0)12 010 0095

Plot 798 Hooflystersingel, Kameeldrift-Dos, Pretoria, 0035

admin@staalboer.co.za

Vir meer inligting Skandeer asb. die QR